**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 21 MEI 2023**

# SEWENDE SONDAG IN PASE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Pinkster***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Numeri 11:24-30; Psalm 104:24-34, 35b;**
**1 Korintiërs 12:3b-13; Johannes 20:19-23**

| **SONDAG, 21 MEI** |
|---|
| PINKSTER BEGIN<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Hoop en Versoening Trust<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens<br><br>19:00 Pinksterbiduur |
| **MAANDAG, 22 MEI** |
| 09:30 Pinksterbiduur<br>19:00 Pinksterbiduur |
| **DINSDAG, 23 MEI** |
| 09:30 Pinksterbiduur<br>19:00 Pinksterbiduur |
| **WOENSDAG, 24 MEI** |
| 09:30 Pinksterbiduur<br>19:00 Pinksterbiduur |
| **DONDERDAG, 25 MEI** |
| 09:30 Kuilsrivier Dienssentrum: Bingo<br>09:30 Pinksterbiduur<br>19:00 Pinksterbiduur<br><br>Sopbeurte: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche,<br>Wilma Steer, René Arendse, Tina Theron |

| VRYDAG, 26 MEI |
|---|
| 09:30 Pinksterbiduur |
| **SATERDAG, 27 MEI** |
| |
| **SONDAG, 28 MEI** |
| POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br>PINKSTERFEES<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Hawesending<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS

1. Joan van Schalkwyk (Blommeland) se troosdiens is Dinsdag 23 Mei 2023 om 13:00.
2. Bettie van Zyl (Voogdystraat) was in die hospitaal.
3. Willie Du Randt (Casstraat) se swaer is oorlede.
4. Marthinus Gresse, seun van Pieter en Isobel Gresse (Waboomstraat), het Saterdag met Henriëtte Barnard in die huwelik getree.
5. Mariet Oosthuysen (Jan Kriel) is as skoolhoof van Langerug Skool in Warcester aangestel.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. René Ferreira is vanoggend ons orrelis.
2. Ds Johan Morkel bied Pinkster in Kalkrant Nuwerus aan.
3. Pinkster – Ons geniet elke aand sop in die saal na afloop van die biduur. Kollekte ten bate van Bybelgenootskap word soggens en saans opgeneem.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK




21/05 Tertia de Wet, Frederik Stapelberg, Romeene Buhr
22/05 Sarie Dippenaar, Heléne Steenkamp, Lourine van Dorp, Jané Smit, Vissie Vermaak
23/05 Willmi Loots, Lynnel Schoeman, Esther Bedeker
24/05 Hennie Snyman(84), Elriette van der Merwe, Eduan Joubert,
25/05 Natalie Roberg, Jossie le Roux, Marietjie Goosen, Floris Jefthas
26/05 Willéne de Clerk, Cobus Groenewald, Arina du Plessis(86)
27/05 Louis Williams, Hannetjie de Swardt(82), Amanda Albrecht, Arina van der Merwe

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Hoop en Versoening Trust**

Die **Hoop en Versoening Trust** (HVT) is 'n NPO wat gestig is om Suid-Afrikaners die geleentheid te gee om by te dra, uit dankbaarheid, tot die herstel/restourasie van die land. Die Hoop en Versoening Trust het die behoeftes van mense wat wil bydra, maar onseker is oor hoe om dit te doen en bang is dat hul bydraes verlore sal gaan in die huidige kultuur van verkwisting, raakgesien. Die Hoop en Versoening Trust is deur die NG Kerk in die lewe geroep om te werk aan die heropbou van ons land se mense en hul gemeenskappe. Die Hoop en Versoening Trust sien hulself as 'n geleentheid wat geskep is vir mense om **uit dankbaarheid** 'n bydrae te maak. Een van die Trust se waardes is die uiters noukeurige aanwending en bestuur van fondse.

Gemeenskappe wat deur die Hoop en Versoening Trust geraak is/word:
Ceres, Ceres-op-die-berg, Wamakersvallei, Khayelitsha, Beaufort-Wes, Helderberg, Kalkfontein, Riviersonderend, Wolseley, Porterville, George, Walmer, Sutherland. Van vroeëkindontwikkeling tot landelike ontwikkeling.

Dr Braam Hanekom | 021 957 7117 | 083 302 8639 | braam@kaapkerk.co.za
Webwerf: https://www.hopetrusts.org

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

- Die sperdatum vir die indien van die basaarlyste by die kerkkantoor, was 11 Mei 2023. Blokleiers en dienswerkers word versoek om asseblief so spoedig moontlik die uitstaande lyste in te gee.
- Lidmate wat geen besoek ontvang het nie, is welkom om die kerkkantoor te kontak om 'n bydrae te gee.
- Die beloftes van gebak (grootkoeke, klein koekies, beskuit, brood, ens) is baie min. Ons doen 'n beroep op die bakkers in die gemeente om asseblief iets te bak vir die basaar. Kontak die kerkkantoor met jou belofte.
- Lidmate wat aangedui het dat julle bestanddele skenk vir die basaar, kan dit kerkkantoor toe bring. Indien jy nie self kan bring nie, kontak die kerkkantoor om reëlings te tref om dit by jou te kom haal.

# BASAAR – VETKOEKE





**Welkom by die Vetkoektafel!**

Daar is weer heerlike vars kerrie-gevulde (R30) of ongevulde (R15) vetkoeke te koop en dit word deur 'n baie gedugte, flinke en vriendelike span voorberei en verkoop!! 😉

Kom ondersteun ons!! Plek: Binne die groot tent

Lorraine Louw en Span

# BASAAR – POEDING



En dit is alweer sulke tyd om te vra:

*"Waar is dit lekker? "*

Hier is dit lekker! By die poedingtafel is dit lekker, ***altyd lekker***. Indien jy nie basaarpoeding gekoop het nie, dan was jy nie by 'n basaar nie!




Ons wag vir jou!!!!!!

# BASAAR – WORSJORSIES



**Jip!!** jy dink reg, daar gaan weer heeeeeerlike

WORSJORSIES

by die Basaar wees. Ons vriendelike en flinke span sien uit daarna om jou met hierdie heerlikheid te bederf!!!

